SONDAG 9 FEBRUARIE – VIND GOD IN DIE GEWONE VAN WAKKER WORD

Tydens hierdie week se huisgeloof gaan ons tekste saam lees en ‘n vraag daaroor antwoord rakende die konsep om God te vind in die proses van wakker word. Hierdie wakker word kan gesien word as fisies wakker word en ‘n dag begin of ‘n metaforiese wakker word - om te begin lewe, tot nuwe insig te kom of om nuwe gewoontes te vorm. Baie keer behels “om wakker te word” die stop van sekere slegte gewoontes en die daarstel van nuwe geloof gewoontes. Op die volgende bladsy sal jy daarom ‘n hulpmiddel vind rakende gewoonte verandering as jy sou benodig.

God roep ons om WAKKER TE WORD en Hom te VIND in die gewone van ons lewe. Indien dit moontlik is, doen hierdie week se HUISGELOOF in die oggende nadat jy jou gordyne oopgemaak het en ‘n oomblik buite toe gekyk het, hopelik was daar al bietjie son gewees. Lees gerus dan die volgende gedeeltes deur en antwoord die bepaalde vraag.

MAANDAG
TEKS: Psalm 57: 8 – 11, Psalm 118: 24
VRAAG: Waarvoor is jy vandag dankbaar teenoor God soos hierdie dag begin?

DINSDAG
TEKS: Klaagliedere 3: 21 – 24
VRAAG: Waarmee kan God jou vandag help dat jy nie die foute van gister herhaal nie?

WOENSDAG
TEKS: 2 Timoteus 22: 20 – 22
VRAAG: Watter negatiewe gewoontes, invloede of praktyke moet jy stop in jou lewe?

DONDERDAG
TEKS: Romeine 13: 10 – 14
VRAAG: Watter goeie geloof gewoontes wil jy graag in jou lewe vestig en hoe dink jy gaan dit jou help om God in die gewone van jou lewe raak te sien?

VRYDAG
TEKS: Efesiërs 5: 14
VRAAG: Wat beteken hierdie vers vir jou lewe vandag? Is jy al wakker?

SATERDAG
TEKS: Jesaja 60: 1 – 2
VRAAG: Hoe skyn die Here se lig daagliks in jou lewe?

Vind God in die gewone

40 DAE

HOE OM NUWE GELOOF GEWOONTE STAPELING AAN TE LEER

4 WESENLIKE ASPEKTE VAN BJ FOGG

1. BESLUIT OP ‘N NUWE GELOOF GEWOONTE
2. MAAK DIT MAKLIK UITVOERBAAR
3. LAAT DIE LEER AANGENAAM WEES
4. VIER ELKE TREE OP DIE NUWE PAD

3 PUNT PLAN VAN JESUS

1. KIES TYD
2. KIES PLEK
3. KIES AKSIES

2 BASIESE MOMENTE VAN STAPELING

1. EK WIL (NUWE GEWOONTE)
2. NADAT EK (BESTAANDE GEWOONTE)